


interesting part of the book, but even there the discussion is hardly innovative or incisive.

In all, this is a popular work that differs from some of its predecessors through its attempt at a Zulu perspective, but it has little to offer the historian or serious student of the Anglo-Zulu War.

JOHN LABAND  
University of Natal (Pietermaritzburg)



R. HAUMANN. *Van Riga tot Drakenstein*. Die outeur : Bellville, 1987. 148 pp. Geïll. R30,00 (eksklusief). ISBN 0 620 10732 9. (Verkrygbaar van R. Haumann, Lobeliastraat 10, Riebeeckhof, Bellville).

Verskeie familiegeskiedenis oor die kleiner families in Suid-Afrika het die afgelope twee jaar die lig gesien. Dit word oor die algemeen gekenmerk deur 'n hoë standaard en die Haumann-familiegeskiedenis in *Van Riga tot Drakenstein* is geen uitsondering nie. Die boek is die resultaat van twaalf jaar se navorsing oor die herkoms en plaaslike geskiedenis van die Haumanns. Die skrywer het sy volledige dekking oor die geskiedenis van Simonsvlei (stamplaas van die Haumanns in Suid-Afrika) te danke aan inligting uit die ongepubliseerde manuskrip van mev. M. Cairns getiteld 'Simonsvlei : the story of a farm and its people, 1691-1974'.

Eduardt Christian Haumann, die stamvader van die Haumanns in Suid-Afrika, is tussen 1721 en 1725 gebore in Moskou of Riga in Rusland waar sy pa predikant van die Duitse kerk was. In 1745 het Haumann as soldaat in diens van die VOC getree en na die Kaap gekom waar hy op 6 Augustus 1746 burgerreg ontvang het. Aan die Kaap het hy as chirurgyn gepraaktiseer en in 1749 sy eerste grondtransaksie aangegaan. Na nog 'n paar grondtransaksies het Haumann in 1764 die plaas Stellengift, vandag bekend as Simonsvlei, gekoop.

Tot aan die einde van hoofstuk 4 word die lotgevalle van die stamvader beskryf, waarna die klem na sy nasate verskuif. Hoofstuk 5 handel oor die lewe van die stamvader se enigste seun, Pieter Eduard, wat geboer het op die plaas La Brie, wat tot 1894 in die Haumanns se besit gebly het. Hy het twaalf kinders gehad van wie slegs twee seuns was. Een het geen manlike nageslag gehad nie. Gevolglik was dit die seun Johannes Stephanus Haumann (gebore 1.8.1795) wat met drie huwelike en negentien kinders gesorg het dat die familienaam nie in Suid-Afrika uitsterf nie. Johannes Stephanus se kinders het ook gesorg vir die verspreiding van die Haumanns oor die hele Suid-Afrika. Daar word dus 'n hoofstuk gewy aan die 'stamvader' in Griekwaland-Wes, die Overberg, ensomeer. Alle feite is deurgaans deeglik in voetnotas verantwoord.

Die geslagregister agter in die boek kon beslis vollediger wees, veral as die klein getalle van die Haumann-familie in ag geneem word. Verder het die outeur, sonder enige verduideliking, afgewyk van die aanvaarde patroon om die huweliksdatum direk na die getroude-teken (x) te gee. Die huweliksdatum verskyn net na die aangetrooue persoon se naam, waar die geboortedatum hoort en skep aanvanklik baie verwarring. In die geskrewe teks word ook nérens verwys na 'n persoon se genealogiese nommer nie. Die toevallige leser wat nie deeglik met die Haumann-familie vertrou is nie, sukkel dus om die persoon onder bespreking in die groter familieverband geplaas te kry.

*Van Riga tot Drakenstein* is stewig in hardeband gebind en van 'n aantreklike stofomslag voorsien. Dit bevat sesstien bladsye foto's en 'n kleurafdruk van 'n familiewapen. Die boek verdien 'n baie wyer leserskring as net die Haumann-nasate en kan as 'n waardevolle bydrae tot die genealogie en kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika bestempel word.

LINDA ZÖLLNER  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing



K. SCHOEMAN (red.). *The Bloemfontein diary of Lieut. W.J. St John 1852-53*. Human en Rousseau : Kaapstad, 1988. 120 pp. Geïll. R24,00 (eksklusief). ISBN 0 7981 2243 9.

As deel nege van die Vrijstatia-reeks wat minder bekende fasette van die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat vir die gewone leser toeganklik probeer maak, kan die geredigeerde en geannoteerde dagboek van hierdie Britse offisier beskou word as nog 'n betekenisvolle bydrae tot die geskiedenis van die eertydse 'modelrepubliek'.

Luitenant William Jones St John van die Royal Artillery het in Junie 1852 op Bloemfontein aangekom waar hy op 28 Januarie 1854 oorlede is. Die gepubliseerde gedeelte van sy dagboek strek oor ongeveer 'n jaar — van 19 Augustus 1852 tot 13 Augustus 1853. Dit verskaf 'n interessante blik op die skynbaar sorgelose en luilekker lewe van 'n junior offisier op 'n afgesonderde militêre voorpos. St John en sy mede-offisiere se lewe het hoofsaaklik om die offisiërsmenasie gesentreer, terwyl vrye tyd verwyd is met besoeke aan vriende, biljart speel en lees, of soos hy dit self beskryf 'breakfast, billiards, dinner and bed'. Sy verbylyf in die Vrystaat is gekenmerk deur die talle — meesal onskesvolle — jagtogte in die omgewing van Bloemfontein, maar ook langer ekspedisies, soos dié na Harrismith en die Drakensberge. Wat sy beroep as soldaat betref, was die enigste hoogtepunt die Berea-veldtog teen die Basoeto waaroor St John redelik min in sy dagboek verstrekk.

Sy behepthed met jag, sy verwysings na en beskrywings van wildsoorte en die omgewing, bring mee dat die dagboek ook vir natuurwetenskaplikes van belang kan wees. 'n Kaart of kaarte van die plekke wat hy besoek het, sou in dié verband nuttig te pas kom.

Die inleiding, redigering, annotering en identifisering van persone en plekke waarna in die teks verwys word, dui op Schoeman se gebruiklike deeglike navorsing. Bronne word egter nie by die verklarende voetnote verstrekk nie. In enkele gevalle verskyn verwysings eers by die tweede vermelding van begrippe, name of woorde, byvoorbeeld 'vley' (pp. 27 en 30); Giddy (pp. 36 en 37); Eugène Casalis (pp. 23 en 42). Verwysings ontbreek by direkte aanhalings uit die werke van Fichardt en Collins (p. 10).

In die afdeling oor aanbevole verdere literatuurstudie is geen vermelding van J. Haasbroek se bydrae oor die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat nie. Ook nie B.J. Barnard se biografie oor Henry Douglas Warden of J.H. Malan se *Die opkoms van 'n republiek : die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, wat nuttige agtergrondinligting kan verskaf, is in die lys opgeneem nie.

Schoeman verdien nie net die waardering van historici vir die redigering en publikasie van historiese manuskripte nie, maar veral omdat hy deur sy onverwoede navorsing baie dagboeke, dokumente en geskifte opgespoor het wat andersins miskien nooit gepubliseer sou gewees het nie.

D.A. VAN DER BANK  
Nasionale Museum, Bloemfontein

## Kort mededelings/Short notices

C. BIRKBY. *Uncle George. The Boer boyhood, letters and battles of Lieutenant-General George Edwin Brink*. Jonathan Ball : Johannesburg, 1987. 282 pp. Illus. R39,95 (eksklusief). ISBN 0 86850 139 5.

Carel Birkby has assembled Brink's hitherto unpublished boyhood reminiscences and later family correspondence and used them as the core of this interesting, but not very well integrated, biography. Much of the book concerns his fighting career in World War II (East Africa, Abyssinia, North Africa) and, judging by the extensive coverage of the famous disaster which befell the South African 5th Brigade at Sidi Rezegh in November 1941, is probably aimed mainly at the thousands of men who served under Brink. Although Brink, as a person, comes to life in the work, one intriguing aspect of his earlier years — his loyalty to the government of the day during the Rebellion (1914) — remains unsatisfactorily unclear. The book is a useful addition to our military history shelves but its shortcomings as far as adequate explanations are concerned, are serious enough to highlight the urgency of revitalizing this field of writing.

R.J. BOUCH  
Rhodes University

H.B. THOM. *Dr. D.F. Malan en koalisie*. (Geredigeer en voltooi deur M.C.E. van Schoor). Tafelberg : Kaapstad, 1988. 163 pp. R27,50 (eksklusief). ISBN 0 624 02595 0.

Die skrywer behandel die koalisiegedagte en die verwesenliking daarvan bevredigend, met uitsondering van die belangrike invloed van *Die Burger* en sy redakteur, A.L. Geyer, op die besluit van Malan — 'n aspek wat bykans heeltemal onaangeroer gelaat word. Dit is voorts onbegryplik waarom die skrywer nie ook die samehangende samesmelting in die boek insluit nie. Die eerste vier hoofstukke handel oor die breë agtergrond van die koalisie, hoofstuk vyf oor die direkte aanloop daartoe, en die laaste drie oor die koalisiegebeure self en die afloop daarvan. Die skrywer se skryfstyl is meesterlik en sy oordeel gebalanseerd. M.C.E. van Schoor het die laaste twee hoofstukke geskryf na die afsterwe van H.B. Thom en die hele manuskrip goed versorg. Tafelberg-Uitgewers se tipografie getuig van 'n hoë standaard.

J.P. BRITS  
Universiteit van Suid-Afrika